Maandag **2 September**

**Skrifgedeelte: Deuteronomium 18:15-22**

**Fokusgedeelte: Deuteronomium 18:15 (AFR53)**

**Luister na Jesus Christus, die Profeet van God**

Daar is slegs een Profeet na wie die kerk moet luister en dit is Jesus Christus. Sy Woord bly vir ewig. Waar daar wel in die Ou Testament ook ander profete was, moet ons onthou dat die Gees van Christus vooruit in hulle gewys en getuig het. Hulle het dus alleenlik opgetree omdat God hulle daartoe gebruik het. Jesaja maak dit immers duidelik dat die mens maar soos gras is en dat geen mens se woord dus vir altyd kan standhou nie.

Nog voordat Jesus gekom het, het Moses dit reeds aan die volk duidelik gemaak dat sy Woord die hoogste gesag het en dat hulle na Hom moet luister. Op die berg van verheerliking, waar Petrus, Johannes en Jakobus saam met Jesus was en Moses en Elia met Jesus gesprek gevoer het, het God dit weereens uit die hemel duidelik gemaak dat daar na Jesus geluister moet word as Hy sê: “Dit is my geliefde Seun in wie Ek ’n welbehae het. Luister na Hom!” (Matt. 17:5).

Johannes skryf verder: “In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God.” Ons kan dus nie redeneer dat ons nie na Jesus kan luister omdat Hy nie meer as mens hier op die aarde is nie. Ons het die hele Woord van God en daarin spreek Jesus met ons. Jesus se profesieë het in die verlede waar geword en al sy ander profesieë gaan beslis nog waar word. Ons kan en mag Hom dus nie verwerp nie! Niks kan van sy Woord weggelaat of bygevoeg word nie. Mag ons, gelei deur die Heilige Gees, weer opnuut besef dat God se Woord standhou tot in ewigheid. Sy Woord, sy Seun, ons enigste Profeet, is ons toekoms. Aan Hom kan en moet ons gehoorsaam wees.

*Sing: Psalm 40-1:4*

*Ds. JN (Josef) Hibbert (Pietersburg-Noord)*